



LAERSKOOL DALVIEW

GEKONTROLEERDE TOETS

VAK: SOSIALE WETENSKAPPE

GRAAD 4

EKSAMINATOR: MNR D. DEYSEL OUER HANDTEKENING _____

MODERATOR: MNR J. GILIOMEE

DATUM: 15 NOVEMBER 2024

TYD: 60 MIN

DISTRIK: GAUTENG-OOS

TOTAAL: _____ / 40 PUNTE

NAAM EN VAN: _____ **GR** _____

Instruksies:

1. Lees elke vraag versigtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Skryf netjies en leesbaar en voltooi met 'n blou pen.

Vraag analise:

<u>Afdeling A:</u>	Geografie	Kognitiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag
Vraag	Inhoud van die vraag		Puntetoekenning
1	Voedsel en boerdery in Suid-Afrika	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/12
	GROOT TOTAAL:		/12
<u>Afdeling B:</u>	Geografie	Kognitiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag
Vraag	Inhoud van die vraag		Puntetoekenning
1	Gebruik van water	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/10
2	Water as 'n hulpbron	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/5
3	Hoe mense hul water kry	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/5
4	Besoedeling en afvalwater	Vlak 5 en 6 Hoër orde vrae	/8
	GROOT TOTAAL:		/28

Afdeling A:

[12]

Vraag 1: (Voedsel en boerdery in Suid-Afrika)

[12]

1.1) Maak gebruik van jou kennis en **omkring** die mees gepaste opsie by elk van die volgende stellings.

1.1.1) _____ is voëls wat vir hulle vleis en eiers aangehou word. (1)

- a) Pluimvee
- b) Grootvee
- c) Kleinvee
- d) Eende

1.1.2) _____ is die belangrikste soort pluimvee. (1)

- a) Duiwe
- b) Bokke
- c) Hoenders
- d) Volstruise

1.1.3) Mielies en koring word _____ genoem. (1)

- a) Wingerdstokke
- b) Boerdery
- c) Groente
- d) Graangewasse

1.1.4) _____ groei die beste op plekke met warm, nat somers en koue droë winters. (1)

- a) Mielies
- b) Koring
- c) Suikerriet
- d) Pampoeme

1.1.5) Druwe groei aan plante wat _____ genoem word. (1)

- a) Takke
- b) Wingerdstokke
- c) Riete
- d) Gewasse

1.1.6) Hoenders wat los op die plaas rondloop, word _____ genoem. (1)

- a) Los hoenders
- b) Vuil hoenders
- c) Skrophoenders
- d) Kraphoenders

- 1.2) Sê slegs of die volgende stellings **WAAR** of **VALS** is deur 'n kruisie (X) in die (6)
toepaslike blokkie te maak.

STELLING	WAAR	VALS
1.2.1) Die kos wat ons in winkels koop kom van groot kommersiële boere.		
1.2.2) Gewasse is plante wat mense kweek om te gebruik vir voedseldoeleindes.		
1.2.3) 'n Bestaansboerdery is waar boere gewasse verbou en diere aanhou om te verkoop.		
1.2.4) Gewasse wat gekweek word om te verkoop, word kontant-gewasse genoem.		
1.2.5) Die meeste kommersiële boere kweek meer as een gewas.		
1.2.6) Kommersiële boere hou ook vee soos skape, beeste en hoenders aan.		

Afdeling B:

[28]

Vraag 1: (Gebruik van water)

[10]

1.1) Kyk na elk van die volgende prentjies genummer 1 – 10, skryf 'n kort sinnetjie hoe elkeen water kan **bespaar**.


1.	2.	3.
4.	5.	6.
7.	8.	9.
10.		

	Baie kort sin hoe elkeen water kan bespaar
1	
2	
3	
4	
5	
6	
7	
8	
9	
10	

Vraag 2: (Water as 'n hulpbron)

[5]

- 2.1) **Analiseer** die onderstaande **illustrasie** van die natuurlike watersiklus en vul die korrekte terme in die ooreenstemmende blokkies (1 – 5) in. Formuleer jou antwoorde in akademiese taal en verseker dat elke term korrek die proses of element in die watersiklus beskryf.



Vraag 3: (Hoe mense hul water kry)

[5]


3.1) Verskaf vyf voorbeelde van **bronne** waaruit mense toegang tot water kan verkry.

- _____
- _____
- _____
- _____
- _____

Vraag 4: (Besoedeling en afvalwater)

[8]

4.1) Stel die **menslike watergebruiksiklus** in logiese volgorde voor deur die korrekte stappe in die ooreenstemmende blokkies in te vul.



Groot totaal = [40]